VOORBIDDING:

Wêreld: Burkina Faso, Tsjad, Mali, Mauritanië en Niger. Slagoffers van terreur en geweld reg oor die wêreld. Die mense van Soedan. Vrede in Ethiopië. Vrede in Niger. Oplossing vir die konflik tussen Israel en Palestina. Die oorlog in die Oekraïne en die humanitêre vlugtelingkrisis in Europa. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in die Oekraïne doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer en planne om plastiekbesoedeling te verminder.

RSA & Dorp: Gesondheids– en Maatskaplike Dienste—hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land. 'n Voorspoedige en geseënde 2023 vir alle Suid-Afrikaners. Dankbaarheid vir milde reën in ons winterreënvalstreek.

Gemeente & Kerk: Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur.

Meegevoel: 'n Woord van meegevoel met Cornie de Beer (Buitekringweg) en sy gesin. Cornie se suster is oorlede. Meegevoel ook met Hanna en Monty Sahd (Chenin Blanc). Hanna se ma is oorlede.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Jean-Tiaan Cronje (Buitekring), Christiaan du Plessis (Florida), Caro le Roux (Beethoven) en Louis Retief (Gousblom).

Huisgeloofblad beskikbaar om af te laai

Die Huisgeloofblad, wat aansluit by die tema vir Sondag se kategese en tuis by die huis deur gesinne gebruik kan word, kan van ons webwerf afgelaai word. Gaan na stelwel.co.za en kies HUISGELOOF onder die hofie, NUUS EN GEBEURE. Sondag se tema is *Die Here doen magtige dade (Josua 6).*

Teken in op ons E-nuusbrief:

Hoe gaan jy te werk? Besoek ons webwerf, www.stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus en waar jy betrokke kan raak!

Kom haal klaargeknipte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Dankie aan al die getroue stiksters!

Hier herwin ons alles! In die vierkant by die houers waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 13 Augustus 2023

Dag van Verootmoediging

Koninkrykstyd

Erediens	09:30
Tema	Die Uitdaging: Ontmoet moeilike mense met 'n vriendelike God. Voorwaarde: Sluk elke oggend eers 'n padda vir ontbyt!
Skriflesing	Eksodus 33:3 *Julle is so moedswillig (mense met stywe nekke).* Eksodus 33: 11 *Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend.* Eksodus 33:17 *Ek is jou goedgesind en Ek ken jou by jou naam*
Prediker	Daniël Louw
Kleuterkerk	09:30 - kleuters kan direk konsistorie toe gaan
Junior Kategese	09:30 - kinders begin erediens saam met hul ouers
Koinonia Kafee	10:30 - kuier saam met koffie en tee in die vierkant
Tienerkerk	18:00 - al ons hoërskool tieners is welkom in die kerksaal

Jaartema: GEROEP GEWILLIG GESTUUR

Graad 11-Belydeniskamp

Op 25-27 Augustus gaan ons belydenisgroep kamp in Noordhoek as deel van hulle belydenisvoorbereiding. Ons sien baie uit hierna! Inskrywingsvorms is in die kerkkantoor beskikbaar. Ons vra ook die res van die gemeente om vir ons in voorbidding in te tree: vir die voorbereiding van die leiers en tieners se harte, vir 'n veilige reis daarheen en terug en vir 'n ontmoeting met die Here op daardie naweek wat elkeen sal onthou en kan koester vir die res van hulle lewe!

"Swallow a toad in the morning and you will encounter nothing more disgustintg the rest of the day."
(Nicolas Chamfort)

Dag van Verootmoediging in gemeentes reg oor Suid-Afrika

Daar sal 'n aanlyn uitsending vandag om 15:00 op die NG gemeente Stellastraat in Pretoria se YouTube-kanaal wees. Dit word aangebied deur die Dagbestuur van die Algemene Sinode. Die skakel om te volg is: https://www.youtube.com/c/stellastraatlive

ONS KANTOORURE is: Ma: 09:00 - 13:00 Di - Vr: 08:00 - 13:00

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 14/08 tot Sondag 20/08

Di 15/08	18:00	**Adminkomitee vergader**
Wo 16/08	09:30 - 10:30	**Geloofsgroei Byeenkoms in die konsistorie.** Almal is welkom! Leon Cronje is die aanbieder.
Do 17/08	09:00 - 12:00	*Kinders, onderwysers, afrigters en ondersteuners van Bloemhof en Paul Roos pak die lang pad aan na Bloemfontein vir die jaarlikse interskole teen Oranje en Grey.* **Naaldwerkbediening:** kontak vir Anette Cronje (021 886 5115) as jy wil saam werk aan die projekte.
So 20/08	09:30 09:30 10:30 18:00 18:00	**Koninkrykstyd** **Erediens**: Elzanne van der Westhuizen **Kleuterkerk** (Konsistorie) en **Junior Kategese** (kerksaal) **Koinonia Kafee en Kerkbiblioteek:** vierkant **Tienerkerk:** kerksaal **Nagmaal by Bonheur:** Leon Cronje

Die deuroffer vandag gaan aan die Stellenbosch-Welgelegen Noodfonds: Hierdie fonds word aangewend vir gemeentelede wat onder kritieke geldelike nood verkeer. Die fonds word deur die gemeente se admin-komitee bestuur.

Die deuroffer verlede week aan die ACVV was R2 060.
BAIE DANKIE!
Volgende week se deuroffer gaan aan Stellenbosch Voedingsaksie.

Betaal met SNAPSCAN (onthou om 'n verwysing in te tik.)

Augustus is Barmhartigheidsmaand. Ons Barmhartigheidstema fokus op mense met voedselnood.

Wat doen ons? Ons samel nie-bederfbare voedsel en blikkieskos in. Hierdie jaar het ons 'n mikpunt van 1 000 items. Al die kos sal aan die einde van die maand geskenk word aan Voedingsaksie, ACVV, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik, Stellemploy, behoeftige studente aan die US en die Eikiehartprojek. **Wat kan jy bring?** Enige nie-bederfbare voedsel en blikkieskos, bv droë pasta, sopmengsels, rys, smere vir brood, koffie, tee, ens. Daar is 'n inkopielys by die kerkkantoor en op die B-Aksie tafel wat kan help met die aankope. 'n Goeie idee is om hierdie lysie byderhand te hou en elke keer wanneer jy inkopies doen, sit een of twee van die items op die inkopielys by jou inkopies.
Jy is genooi! Word deel van ons gemeenteprojek om die groot voedselnood in die Stellenbosch gemeenskap te help verlig.

Ons het al 406 items ingesamel!
Dankie aan almal wat die projek ondersteun!

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

B-Aksie versoek: kussings vir Jamestown Sounds

Van tyd tot tyd vervang ons almal mos ons kussings by die huis. Bring asseblief daardie kussings (strooi-, kop- of selfs kontinentale kussings) na die kerkkantoor. Jamestown Sounds se leerlinge sit tans op die koue vloer tydens teorielesse. Die kussings sal die koue van onder kan keer! Ons benodig 70 kussings vir hierdie doel.

Lesotho-uitreik 2023: kom saam!

Vir baie jare neem ons tydens die September/Oktober vakansie 'n groep tieners om op Maphutseng in Lesotho te gaan werk, lewer ons 'n klein bydrae tot die opbou van hierdie gemeenskap en ontmoet ons die wonderlikste mense wat ons lewens verryk en verander. Ons wil graag hierdie jaar weer 'n uitreik na Lesotho onderneem en nooi enige gemeentelid om saam te kom. Jonk en oud is welkom en ook gesinne. Gr 8-12 tieners is welkom om op hulle eie saam te kom en laerskoolkinders moet net vergesel wees van 'n ouer. Al wat jy nodig het, is 'n geldige paspoort en hope energie om lekker hard te werk en so 10km te kan stap. Kontak vir Leon as jy meer wil weet (071 686 9424). Inskrywingsvorms is in die kerkkantoor beskikbaar.

heartflow.

Heartflow koepons (R10 elk) is by die kerkkantoor te koop. Dit kan gegee word aan persone op straat en kan geruil word vir 'n nag se slaap by Nagskuiling of 'n bord kos by Bergzichtplein.

Lentefees 2023: ons het alle hande nodig!

Ons begin nou al die dae af te tel na Saterdag 16 September vir ons groot Lentefees! Jy kan uitsien na al die ou gunstelinge: ons begin met 'n Bergloop om 08:30 en eindig met potjies en braaivleis rondom 13:00. Nooi solank almal uit na hierdie lekker kuierdag en hou ons kommunikasie dop vir wanneer etekaartjie-verkope open.

Hoe kan jy nou al betrokke raak?

* Sorteer kaste en laaie en bring skoon, heel en bruikbare huisware vir die Wit Olifant Tafel.
* Skenkings van bestanddele soos meel, olie, suiker, eiers , kondensmelk en versiersuiker vir die Kindertafel, Gebaktafel en Pannekoektafel.
* Kyk uit vir oulike Tombola-geskenkies (selfs tweedehandse speelgoed wat nog nuut lyk) wat kinderharte sal bly maak!
* As jy daarvan hou om handwerk in alle vorme te doen en bereid is om van jou handwerkitems vir die Handwerktafel te skenk, sal ons baie dankbaar wees!

KOINONIA

Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die vriendelike en bekwame skinkers!

Is jy nuut by ons?

Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam koffie of tee in die vierkant by ons Koinonia Kafee - ons sal graag wil kennis maak!